

Veranderende getye en Afrika se Blou Ekonomie

Frank Vorhies*

Die tema van vanjaar se [Wêreldoseanedag](#) (8 Junie) is “Planeet Oseaan: die getye verander”. Ter oorweging van hierdie tema moet ons twee vrae vra: Hoe belangrik is die oseane vir Afrika en watter rol speel hulle in die vasteland se ontwikkeling?

Die vasteland van Afrika het 'n kuslyn van meer as 30 000 km en die kuslyne van Afrika-eilandnasies, veral van Madagaskar, kan hierby gevoeg word. Hierdie kusgebiede grens aan meer as 13 miljoen km² van Afrika se eksklusiewe ekonomiese sone (EES) waarvoor Afrika-lande soewereiniteit het. Hierdie EES is aansienlik groter as die Sahara se 9 miljoen km² en bied 'n bestaan aan miljoene mense.

Meer as 100 miljoen Afrikane woon naby die kus en die bydrae daarvan tot hul bestaan en die volhoubaarheid van hierdie bydrae is sleutelkwessies vir kusbestuur. Sleutelsektore in die blou ekonomie sluit in visserye, akwakultuur, toerisme, vervoer, hawens, kusmynbou en energie. Die Verenigde Nasies se Ekonomiese Kommissie vir Afrika se [beleidshandboek vir die blou ekonomie](#) stel dit so:

“Die Blou Ekonomie as 'n meganisme om vinnige en volhoubare ontwikkeling in Afrika te ondersteun is tydig en verdien die gepaste beleidsaandag. Deur die Blou Ekonomie-raamwerk kan state met 'n kuslyn én ingeslote state geleenthede ontgin wat wedersydse voordele kan ontsluit, waaronder die verskaffing van doeltreffende en gekoördineerde dienste aan mekaar, asook toegang tot hulpbronne.”

Die toenemende erkenning van die belang van die blou ekonomie is 'n veranderende gety vir Afrika-ontwikkeling. Daarvan getuig die totstandbrenging van 'n [Blou Ekonomie-afdeling](#) in die Afrika-Unie-kommissie wat die volgende vyf temas aanpak:

- Visserye, akwakultuur, bewaring en volhoubare waterekostelsels;
- Skeepsvaart/vervoer, handel, hawens, maritieme sekuriteit, veiligheid en wetstoepassing;
- Kus- en maritieme toerisme, klimaatsverandering, veerkragtigheid, omgewing, infrastruktuur;
- Volhoubare energie- en delfstofbronne en innoverende nywerhede; en
- Institusionele en bestuursbeleide, indiensneming, werkskepping en die uitwissing van armoede, asook innoverende finansiering.

Afrika-lande vestig op soortgelyke wyse blou ekonomie-strategieë, -programme en -inwerkingstellingsagentskappe. Die Suid-Afrikaanse regering het byvoorbeeld leierskap gebied met sy [Operasie Phakisa – Oseane-ekonomieprogram](#), wat tans deur die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing bestuur word. Die Wêreldnatuurfonds vir Suid-Afrika (WWF Suid-Afrika) laat ook die [kollig](#) op die belang van Suid-Afrika se blou ekonomie val:

“Suid-Afrika se ryk en produktiewe kuswaters ondersteun duisende werksgeleenthede en dra jaarliks miljoene rande tot die nasionale ekonomie by. Kusgoedere en -dienste dra na raming 35% tot Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) by.”

Maar WWF Suid-Afrika waarsku ook dat die land se blou ekonomie “deur onvolhoubare gebruik en ondoeltreffende bestuur” bedreig word. Etlke maatreëls word bepleit om volhoubaarheid te bevorder. Dit sluit in “’n geïntegreerde benadering tot oseaanbestuur wat die volle reikwydte van interaksies binne ’n ekosisteem erken (insluitende sosiale sisteme)” en “die ondersteuning van verantwoordelike verskaffers en verkopers wat volhoubare seekos van goed bestuurde, volhoubare visserye bekom”.

Die gety draai nie net in Suid-Afrika nie, maar oor die vasteland heen, met ’n toenemende fokus op die groot potensiaal wat Afrika se oseane vir ekonomiese ontwikkeling bied. Tegelyk geniet die dringende behoefte om maatreëls in te stel wat sal verseker dat die gebruik van seehulpbronne volhoubaar is, ook erkenning.

’n Besonder opwindende area vir die blou ekonomie is die oseaangebaseerde tempering van klimaatsverandering. Daar is ’n toenemende belangstelling in die neutralisering van kweekhuisgasuitlatings deur mangliet-herstelprojekte. Die mark vir koolstofkrediete het as aansporing vir manglietprojekte oor die vasteland heen gedien.

In Senegal het die Parys-gebaseerde [Livelihoods Fund](#) bykans 8 000 ha mangliet herstel deur die aanplanting van 79 miljoen bome en die neutralisering van 500 000 ton koolstof. In Kenia genereer die gemeenskapsgebaseerde [Mikoko Pamoja](#)-projek jaarliks meer as US\$20 000 uit die verkope van mangliet-koolstofkrediete. In Mosambiek stel die [Blue Forest](#)-projek ’n belegging van US\$15 miljoen voor om 200 miljoen manglietbome te herplant om koolstofuitlatings te neutraliseer.

’n Opkomende mark met groot potensiaal in Afrika is seegebaseerde koolstofdioksiedverwydering. Soos die [World Resources-instituut](#) verduidelik, is die doelwit “om die osean se natuurlike chemiese en biologiese prosesse te gebruik om meer koolstof van die atmosfeer te absorbeer en te stoor”. Talle van Afrika se eksklusiewe ekonomiese sones kan beskikbaar wees vir nuwe biotiese benaderings benewens die aanplanting van manglietbome, soos die kweek van seewier of oseaanbemesting om die groei van fitoplankton te bevorder.

Daar is ook ’n rol in die blou ekonomie vir maritieme sekuriteit. Dis derhalwe bemoedigend dat die Sentrum vir Militêre Studies aan die Universiteit Stellenbosch (US) die mede-organiseerder was van ’n onlangse internasionale simposium oor die [Blou Oseaan-ekonomie en Maritieme Sekuriteit in Afrika](#), wat “die behoefte aan daadwerklike pogings erken het om Afrika se Blou Ekonomie en Maritieme Sekuriteit deur samewerkende pogings in die streek te verbeter”. Die beroep vir kontinentwye samewerking oor die blou ekonomie en maritieme sekuriteit is nog ’n belowende veranderende gety vir Afrika.

**Dr Frank Vorhies is die Direkteur van die Instituut vir Afrika-wildlewe-ekonomieë aan die US.*